**LUTHER SE BRIEF AAN STAUPITZ 30 MEI 1518.**

Martin Luther, u broer en u leerling, wens die eerbiedwaardige en ware vader, Johan Staupitz, professor in die heilige teologie, vikaris van die Augustynse orde, seën toe en gee myself aan u.

Ek herinner my daaraan, eerbiedwaardige vader, dat tydens u gesprekke met my, wat so diep indruk op my gemaak het en so heilsaam was, waardeur die Here Jesus my so wonderbaarlik getroos het, per geleentheid die woord “boetedoening” genoem is.

Dit het ons gewete baie tot rus gebring en elke laksman (*waarskynlik ŉ sarkastiese verwysing na homself en ander as priester*)[1], wat met ondraaglike voorskrifte ŉ biegvoorskrif, soos hulle dit noem, oplê.

Ons het egter wat u gesê het aanvaar asof daar van die hemel self met ons gepraat word: “dat die ware boetedoening slegs met die liefde tot geregtigheid en tot God begin. Wat almal as die doel en die afsluiting van boetedoening beskou het, dit is veel eerder net die begin van boetedoening.”

Hierdie opmerking van u het in my vasgeslaan “soos die pyl van ŉ kragtige”(Ps. 120: 4) en ek het begin om dit met opeenvolgende Skrifgedeeltes wat oor boetedoening handel, te vergelyk.

Dit was ŉ besondere aangename werksaamheid. Want van alle kante af het woorde na my toe gekom, hulle het heeltemal by hierdie opvatting gepas en aangesluit.

Die resultaat hiervan was dat waar daar voorheen vir my nie ŉ bitterder woord was as die woord “boetedoening” nie (natuurlik het ek myself baie ywerig voor God voorgehou en het ek probeer om ŉ geveinsde en gedwonge liefde vir God te wys) kan daar nou nie ŉ woord soeter en aangenamer woord gehoor word as die woord “Boetedoening” nie.

Want die Gebooie van God word vol bekoring wanneer ons erken dat dit nie bloot net iets is wat in boeke gelees word nie, maar wat in die wonde van ons geliefde Heiland gelees moet word.

Bowendien gebeur dit toe dat ek deur die bemoeienis en guns van baie geleerde mense, wat ons ywerig Grieks en Hebreeus geleer het, geleer het dat hierdie woord in Grieks, μετανοια, (bekering[2]) beteken. Dit is saamgestel uit twee woorde μετα en vouv, dit wil sê, in Latyn van “post” en “mentem”.

---

[1] Vertaler ds. PJ Kriel se interpretasie van sin.
[2] Vertaler se byvoeging

Boete of te wel dan “bekering” beteken dan om weer reg te kom en die insig in jou eie onvolkomenheid te kry, nadat ’n mens die straf gedra het en jou fout ingesien het.

Dit kan egter onmoontlik gebeur sonder dat jou gees en eie liefde nie verander word nie. Dit alles stem so presies ooreen met Paulus se teologie, dat, nie soos wat ek dit voorhou nie, maar volgens Paulus self, niks dit beter kan verklaar nie.

Ja, ek het vordering gemaak en ingesien, dat μετανοια nie maar net bloot van “post” en “mentem” nie, maar ook van “trans” en “mentem” afgelei kan word (al mag dit ook natuurlik geforseerd wees) sodat dit lyk dat μετανοια ’n volledige verandering van gedagte en gesindheid beteken, wat nie net die verandering van gesindheid nie, maar ook die manier waarop die verandering plaasvind, dit beteken deur God se genade, insluit.

Want alle verandering van hart, dit is naamlik die werklike boetedoening, word in die heilige Skrif hoog aangeslaan. Dit het die pasga in die verlede aangetoon, dit het Christus aangetoon, en lank voor dit was Abraham ook daarvan ’n voorbeeld gewees, toe hy “transitor”, dit beteken in Hebreeus, om (*oor*)[3] te begin. Hy het naamlik van Mesopotamië weggegaan soos wat Paulus Burgos dit op ’n baie geleerde wyse uitgewys het. Dit kom ook ooreen met die opskrif van Psalms 39, 62 en 77 waar die woord “Jedutun”, dit beteken “om bo oor te kom” deur die sanger mee begin word.

Ek hou daaraan vas en waag die mening dat hulle wat dwaal, dit is hulle wat die boetedoeningsdade so beklemtoon, dat hulle vir ons van werklike boetedoening feitlik niks oor laat bly nie behalwe feitlik die onbelangrike genoegdoeningsdade en die buitengewoon moeilike bieg.

Hulle het hulle naamlik deur die Latynse woord “poenitentiam agere” laat mislei wat meer klink na iets wat jy moet doen as ’n hartsverandering en glad nie aan die Griekse woord μετανοια, (*bekering*)[4], enigsins reg laat geskied nie.

Terwyl my mening so heen en weer rondgeval het, kyk, het skielik rondom ons die basuin wat die nuwe Aflaat laat weerklink het, ja laat weergalm het, begin en is vergifnis uitbasuin. Hierdie basuin besiel ons egter tog nie tot die regte ywer vir hierdie stryd (*oor vergifnis*)[5] nie.

Kort opgesom! Hulle skuif doodeenvoudig die leer oor ware boetedoening een kant toe en matig hulle aan om, nie oor iets van die boetedoening nie, ook nie eers oor die geringste deel daarvan, dit is die genoegdoening nie, maar oor die kwytskelding

---

[3] Vertaler se invoeging en interpretasie
[4] Vertaler se invoeging
[5] Vertaler se invoeging en interpretasie

van die geringste deel daarvan grootpraterig te roem, soos ŉ mens nog nie iemand hoor roem het nie.

Ja, hulle verkondig godlose, valse en ketterse dinge met so groot gesag (ek sal dit eerder vermetelheid noem) dat diegene wat net daarteen murmureer dadelik as ŉ ketter tot die vuurdood en ewige vervloeking deur God veroordeel is.

Omdat ek hierdie rasserny nie kon teengaan nie, het ek besluit om my mening, wat hiervan afwyk, beskeie bekend te maak en hulle leringe te bevraagteken. Dit het ek met die vertroue in die oordeelsvermoë van al die geleerdes en die hele kerk gedoen, om in te sien dat dit beter is om genoegdoening te doen as om genoegdoening kwyt te skeld, dit is, deur Aflate te koop.

Op daardie stadium het niemand anders so ŉ standpunt oor aflaat ingeneem nie.

Daardeur het ek die debat aangevoer, dit beteken dan eintlik het ek almal wat enige vorm van gesag gehad het, van die hoogste tot die laagste vorm van gesag, opgerui om my ondergang te bewerk, sover as wat hierdie geldjagters[6] (ag, eintlik moes ek seker maar gesê het sielevangers) dit kon laat gebeur en bewerkstellig het.

Op hierdie manier het hierdie dierbare mense kaf gepraat oor wat ek sou gesê, met die houding van blatante sluheid dat hulle nie kan lieg nie, dit is dat ek die gesag van die pous deur my openbare debat sou geskend het.

Dit is rede, eerbiedwaardige vader, waarom ek nou heeltemal teen my eie wense in die openbaar optree. Ek het nog altyd my eie hoekie liefgehad en ek het nog altyd daarin verlustig om ŉ toeskouer te wees van die spel wat die begaafde mense van ons tyd in die openbaar speel eerder as wat ek self raakgesien en bespot word.

Egter, soos ek dit nou sien, ter wille van die sieraad en skoonheid moes die slegte groente tussen die goeie raakgesien word en swart teenoor wit gestel word.

Daarom versoek ek u, aanvaar hierdie onbeduidende werkstuk van my en doen moeite om dit aan die goeie pous Leo die Tiende te stuur. Op hierdie manier kan dit my teen die voornemens van kwaadwillige mense help. Ek wil u egter nie in my eie gevaar laat verstengel word nie, en doen dit op my eie risiko.

Christus sal dit duidelik laat blyk of dit wat ek gesê het, Syne of myne is, sonder Christus se aanwysing kan nie of die pous iets te sê het nie en kan ook nie die koning iets besluit nie. Want ek verwag dat Christus self die regter sal wees wat deur die gesag van die pous sy uitspraak sal gee.

[6] Luther verwys hier sarkasties na die aflaatpredikers as geldjagters en sielevangers.

Verder het ek niks anders vir daardie vriende wat my bedreig te sê as die spreuk van Reuchlin nie: “Wie arm is, vrees niks nie, want hy kan niks verloor nie.”

Ek het nie besittings nie en begeer dit ook nie. Die goeie naam en respek wat ek gehad het, het ek vir altyd verloor. Net net dit is oor: my swak en moeë liggaam deur aanhoudende swaarkry. Vernietig dit dan maar deur geweld of listigheid (want daardeur word aan God mos ŉ diens bewys) miskien word my lewe daarmee een of twee ure korter gemaak. Ek is vergenoegd met my geliefde Verlosser en Versoener, my Here Jesus Christus. Hom wil ek my hele lank besing.

Wanneer iemand egter nie saam met my wil sing nie, wat het dit met my te doen? As hy daarvan hou om te huil, kan hy maar huil

Hy, die Here Jesus bewaar U vir ewig, my geliefde vader.

Wittenberg.
Op die dag van die Heilige drie-eenheid.
30 Mei 1518.

Vertaal in Afrikaan deur ds. PJ Kriel
Levubu.
13.06.2106